



SES MAANDE WAT DIE WÊRELD VERANDER

UITGAWE 74

MAART 2009



IN HIERDIE UITGAWE:

- DIE LAND VAN DIE ONDERGAANDE SON
- DIE GEVARE VAN PROTEKSIONISME
- VOORUITSIG VIR BELEGGINGSMARKTE
- DALENDE RENTEKOERSE BIED GELEENTHEDE

DEUR MAGNUS HEYSTEK - BELEGGINGSTRATEEG

Dit is ondenkbaar dat beleggers ooit weer gebuk sal moet gaan onder die finansiële traumatiese gebeure van die afgelope ses maande.

Die bankrotskap van die Amerikaanse beleggingsbankreus Lehman Bros. op 19 September verlede jaar was die katalisator vir die kataklismiese skokgolwe wat tot dusver wêreldwyd 'n geskatte \$40 triljoen se persoonlike welvaart tot niet gemaak het.

Tot op daardie tydstip wou dit voorkom of die probleme wat voortspruit uit die Amerikaanse sub-prima verbandleningskrisis tot die VSA se bankstelsel beperk sou bly sonder dat dit na die res van die globale ekonomie sou oorspoel. Dit sou egter nie so gebeur nie.

Die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) het gewaarsku meer as 50 miljoen mense kan sonder werk wees teen die tyd dat die globale ekonomie weer begin herstel, en die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) dat die globale ekonomie met sowat 1% sal krimp - die eerste globale ekonomiese krimpings sedert die Tweede Wêreldoorlog.

Vroeër die afgelope week het die finanshoofde van die wêreld se grootste ontwikkelde en ontluikende lande net buite Londen vergader om die krisis te bespreek. Voor die beraad het die G20-lande saamgestem dat die internasionale bankstelsel die sleutel tot enige herstel is.

Die identifisering en hantering van die “giftige” bates op bankbalansstate bly die sleutel om die verstopping van die globale finansiële stelsel tot 'n einde te bring. As dié saak nie aangepak word nie sal die kans dat die wêreldde ekonomie herstel, skraal bly.

Dit word nou aanvaar dat die besluit om Lehman Bros. toe te laat om sy deure te sluit, 'n groot fout was. Tot dit gebeur het, was dit algemeen aanvaar dat die bank “te groot was om te misluk”.

Maar die beleggingsreus het gevou, met die globale bankstelsel wat binne dae daarna tot stilstand geknars het. Daar was skielik geen waarborg dat 'n bank nie oornag kon sluit nie met die gevolg dat geen bank met 'n ander wou sake doen nie. 'n Wêreld sonder geldvloei was soos 'n pasiënt wat van sy suurstoefvoer afgesny is en het afgestuur op 'n vinnige ineenstorting.

JHB: (011) 799- 8100
CT: 0861 799 8000

Soos sake nou staan, loop die globale ekonomie steeds 'n groot deflasiënêre risiko, iets wat reeds geïdentifiseer is deur Ben Bernanke, hoof van die VSA se Federale Reserweraad, en ander Westerse leiers. Bernanke word terloops beskou as 'n kundige oor die Groot Depressie van die 1930's. Sy verhandeling vir sy doktorsgraad in ekonomie het gehandel oor die oorsake van so 'n situasie en moontlike oplossings daarvoor.

Bernanke en ander finansleiers was ook getuies van die deflasiënêre spiraal wat Japan, die wêreld se tweede grootste ekonomie, moes verduur.

DIE LAND VAN DIE ONDERGAANDE SON

In 1989 het die kapitalisasie van die Japannese aandelemark naby aan dié van Wall Street gekom, na 'n bulmark van meer as 20 jaar. Destyds het Japannese maatskappye op groot skaal in die VSA sake gedoen en meerderheidsaandeel in Amerikaanse maatskappye en keur-eiendomme verkry. 'n Voorbladartikel in Fortune Magazine in daardie jaar het voor spel hoe Japan die globale ekonomiese toneel vir dekades nog sou oorheers.

Niks het van daardie voorspelling gekom nie. Japan het inderwaarheid verval in 'n resessie/depressie en ten spyte van verskeie kortstondige oplewings het die land se aandelemark meer as 70% van sy waarde op sy hoogtepunt verloor.

Japan, nog steeds die tweede grootste ekonomie in die wêreld (en ook maar net-net, met China wat in sy nek blaas) is een van die grootste slagoffers van die huidige ekonomiese krisis. Japannese uitvoer het met 54% (!) afgeneem in die afgelope ses maande, sy amper standhoudende handelsoorkot het geval tot 'n tekort van \$9 miljard en die vlagskip van sy ekonomie - die uitvoer van voertuie - het in net vier maande met 63% getuimel. Praat van by 'n afgrond afval!

Dit het ook nie juis gehelp dat sy geldeenheid, die jen, baie sterk was in hierdie tydperk nie omdat dit sy mededingendheid in uitvoer verder verswak het.

Japan het nog ander probleme. Sy bevolking is besig om letterlik te krimp. Hy het die grootste proporsie bejaarde mense en die laagste proporsie kinders. Daar word geraam dat 70% van sy arbeidsmag teen 2050 nie meer sal bestaan nie. Japan staan 'n goeie kans om die grootste ouetehuis in die wêreld te word.

DIE GEVARE VAN PROTEKSIONISME

Een van die hoofredes waarom die wêreld ná die ineenstorting van die aandelemark in 1929 vir amper 'n dekade in 'n deflasiënêre depressie gedompel is, was die verskillende nasies se instinktiewe beweging na selfbehoud. Baie kommentators waarsku dat soortgelyke optrede deur nasies vandag tot gevolg kan hê dat die foute van sowat 80 jaar gelede herhaal word.

Trevor Manuel, Suid-Afrikaanse minister van finansies, het hierdie bedreiging uitgelig net voor hy vertrek het na die G20-beraad van nywerheidsleiers in Londen verlede naweek. Hy het dalk beter as die meeste mense begryp dat enige beperkings op globale handel die ekonomieë van ontluikende lande sou skaad, veral in Afrika.

Dit bly egter vreemd dat Manuel daarop bly aandring dat die Suid-Afrikaanse ekonomie geen resessie sal ervaar nie terwyl hy staan by sy voorspelling dat ekonomiese groei 1,8% jaar-op-jaar sal wees.

Ons tussentydse president, Kgalema Motlanthe het dit onlangs nog verder gevoer toe hy met sy terugkeer van die Davos-beraad in Switserland einde Januarie, nog steeds daarop aangedring het dat Suid-Afrika vanjaar groei van 4% sal ondervind.

Hy was duidelik nie bewus daarvan dat sy minister van finansies die vorige aand op die radiostasie 702 in 'n onderhoud gesê het dat die ekonomie teen slegs 1,8% sou groei.

Hierdie uitlatings oor die ekonomie deur politici is waardeloos en is bedoel vir onnadenkende redakteurs en onnadenkende kiesers.

Net so onnadenkend was die pleidooi deur die nasionale metaalwerkersvakbond Numsa, wat luidens berigte in The Weekender van 14 Maart vanjaar, glo die regering versoek het om "alle mislukte maatskappye" te red.

Dit is die soort van proteksionistiese reaksie wat, as dit op globale skaal herhaal word, die wêreld ekonomie in 'n diep en uitgerekte depressie kan dompel.

Tog is Suid-Afrika hard getref deur die werklikheid, en sake kan nog verder verswak in die maande wat voorlê.

Vervaardigingsuitset, een van die hoofsektore in ons ekonomie, het in Januarie vanjaar op 'n geannualiseerde grondslag met 11% gedaal, na 'n daling van 7% (jaar-op-jaar) in Desember verlede jaar.

So te sê elke ander aanduider van ekonomiese bedrywigheid toon dat die ekonomie hom reeds in 'n resessie bevind, en nie net 'n "tegniese resessie" soos sommige joernaliste ons huidige situasie beskryf, maar 'n werklike resessie wat hard slaan, werkgeleenthede vernietig en vertroue laat kwyn.

Die afswaai in residensiële eiendom is byvoorbeeld veel erger as die eiendomsineenstorting van 1985 en die internasionale bankgroep HSBC het vroeër in die week voorspel dat Suid-Afrikaanse banke moontlik oor die volgende paar jaar residensiële skuld van meer as R57 miljard sal moet afskryf. Meer as 100 000 huiseienaars kan oor die volgende drie jaar hul huise verloor.

VOORUITSIG VIR BELEGGINGSMARKTE

Teen hierdie agtergrond is beleggers natuurlik huiwerig oor die vooruitsigte van die aandele markte. Dit moet egter weer beklemtoon word dat ekonomiese data terugkyk, terwyl BELEGGINGSMARKTE DIE TOEKOMS INKYK.

Met vergelykings tussen die Groot Depressie en die Groot Resessie wat al harder opklink, is 'n eenvoudige manier om na die slegste moontlike situasie te kyk om vas te stel hoe beleggings gevaar het in die Groot Depressie.

FTSE/JSE ALGEHELE INDEKS

Daaglik 2005/05/17-2009/03/16



Volgens die Nasionale Buro vir Ekonomiese Navorsing is die VSA nou veertien maande diep in die huidige resessie met die Dow Jones wat 52% getuimel het. In dieselfde veertien maande het beleggers "net" 46% verloor.

Ekonomiese omstandighede in 1931 was veel erger met werkloosheidsyfers en ekonomiese uitset wat heelwat vinniger gedaal het as tans.

As die geskiedenis hom inderdaad gaan herhaal, is die goeie nuus dat dit 'n uitstekende tyd kan wees om tot die aandele mark toe te tree. Die media is lief daarvoor om klem te lê op hoe die mark in 1929 skerp geval het, gevolg deur tonele van lang toue by sokkombuise soos wat werkloosheid toegeneem het tot 25% van die Amerikaanse bevolking.

Opgewonde kommentators hou ook daarvan om statistieke op te dis dat dit tot 1954 - 25 jaar - geneem het voordat die mark weer sy hoogtepunt van 1929 kon bereik.

Daardie syfer is misleidend omdat dit aanneem dat beleggers al hul geld in die aandelemark belê het die dag voordat die mark sy hoogtepunt bereik het, toe opgehou het om aandele te koop en nooit enige dividende in daardie tyd ontvang het nie.

Die webwerf Motley Fool berig in sy nuutste nuusbrief oor 'n interessante studie. Dit vergelyk die opbrengs op beleggings in die eerste veertien maande van die Groot Depressie en die opbrengs in die daaropvolgende jare.

'n Tipiese belegger sou vyf jaar moes wag om gelyk te breek met 'n enkelbedrag-belegging terwyl iemand wat maandeliks belê het minder as twee jaar sou moes wag om gelyk te breek en daarna uitstekende winste gemaak het soos wat die mark herstel het.

Hierby kan 'n mens 'n interessante brokkie voeg vir Suid-Afrikaanse beleggers: Die Suid-Afrikaanse aandelemark het in sy geskiedenis nog slegs twee keer in een jaar verdubbel. Die een keer was in 1979 toe die goudprys die hoogte ingeskiet het en die ander keer was in 1933, in die middel van die Groot Depressie.

Oor 'n tydperk van 21 jaar sedert die mark in 1931 sy laagtepunt bereik het tot Oktober 1954 (toe die Dow Jones wees sy hoogtepunt van voor 1929 bereik het), het aandele met 'n totaal van 678% toegeneem, dividende uitgesluit. Daar teenoor het Amerikaanse skatkiswissels met slegs 18% toegeneem oor dieselfde tydperk.

Die S&P 500-indeks (die wydste maatstaf van die Amerikaanse aandelemark) het in die afgelope 100 jaar slegs drie keer met meer as 50% gedaal. Die eerste keer was in 1929-31 (82% af), in 1972-74 (54% af) en die huidige daling van 62%.

'n Ander berekening wat gedoen is deur die plaaslike ekonoom Mike Schussler van Economists.co.za toon dat die S&P 500 met 350% gestyg het (dividende ingesluit) in die vyf jaar van sy laagtepunt in 1931 en 48% na die laagtepunt in 1974. Schussler toon ook dat die JSE nou baie goedkoop is as dit gemeet word teen goud en residensiële eiendom.

Hierdie statistieke behoort te dien as 'n waarskuwing aan beleggers wat in die huidige ekonomiese klimaat wil tou opgooi en hul toevlug wil neem tot die gewaande veiligheid van Amerikaanse staatsobligasies. 'n Jaar gelede het Amerikaanse skatkiswissels met 'n looptyd van 30 jaar teen 3,84% verhandel. Die bateklas is 'n jaar gelede beskou as bedreig deur inflasie soos wat voedsel, olie en ander kommoditeite die hoogte ingeskiet het.

Uiteindelik het globale beleggers paniekbevange hul aandele verkoop en hulle tot die korttermynveiligheid van Amerikaanse staatsobligasies gewend, wat tans verhandel teen 2,2%, die laagste ooit.

WATTER LESSE KAN BELEGGERS HIERUIT LEER?

'n Jaar gelede het ons in ons beleggingsbrief aan kliënte (Mei 2008) gewaarsku dat 'n verlansaming in beleggingsmarkte aan die kom is. Ons het spesifiek gewaarsku teen oorpresterende kommoditeite en het ons kliënte aangemoedig om hulself te beskerm teen die verwagte daling in die waarde van die rand. Ons aanveelde portefeuljes het meestal ook hierdie standpunt gereflekteer.

Wat ons nie voorsien het nie, is die totale ineenstorting van die globale ekonomiese stelsel en die skerp toename in die verkope van ekwiteite. Dit was 'n gebeurtenis wat slegs een maal in 'n generasie voorkom en daar was weinig aanduidings van wat sou kom. Die spoed waarmee beleggingsmarkte van September tot middel November verlede jaar uitgerafel het, was pynlik en het 'n mens se asem weggeslaan.

Ons belangrikste taak is nou om ons kliënte deur hierdie moeilike tye te vergesel. 'n Bykomende verantwoordelikheid is om seker te maak dat ons kliënte belê is in in die toepaslike portefeulje, in ooreenstemming met hul langtermyn-beleggingsdoelwitte.

En laastens beveel ons aan dat portefeuljes slegs aangepas word in gevalle waar die risikoprofiel of risikotoleransie drasties verander het, soos met aflegging, egskeding, of die dood van 'n eggenoot.

TERWYL DIE ERGSTE VAN DIE MARK SE AFNAME DALK AL IN DIE VERLEDE LÊ, BETEKEN DIT NIE DAT DIE PAD VOREN-TOE SONDER STRUIKELBLOKKE IS NIE. DIT SAL WYS WEES OM DIE VOLGENDE PUNTE TE ONTHOU:

1. DIT IS BAIE MOEILIK OM TE BEPAAL WANNEER DIE MARK SY LAAGTEPUNT BEREIK.

Net omdat aandeelpryse geval het en waarderinge laag is, beteken nie dat dit nie nog verder kan daal nie. As jy dus jou geld in die volgende vyf jaar gaan nodig kry, is daar beter plekke om dit te hou as in aandele. (Sien hieronder vir 'n aanbeveelde portefeulje as dit op jou van toepassing is.)

2. DIE “REGTE TYD” IS NIE 'N VOORWAARDE VIR GOEIE OPBRENGSTE NIE.

Die Groot Depressie was 'n verskriklike tyd om te spekulêr, maar langtermynbeleggers wat voortgegaan het om aandele te koop, het goed gevaar.

3. HOU BY 'N BEWESE BELEGGINGSTRATEGIE.

Dit is nie nou die tyd om te val vir radikale beleggingstrategieë wat belowe om jou portefeulje in 'n kort tydperk tot sy vorige waarde te herstel nie. Vertrou jou beleggingstrategie en hou by jou plan.

Hoewel die legendariese belegger Warren Buffett lelik pak gekry het in die huidige krisis, met sy Berkshire Hathaway-fonds wat verlede jaar met 37% gedaal het, het hy nie sy beleggingstyl verander nie. Hy het van sy beste langtermynbeleggings gedoen na skerp dalings in die markte, wat hom in staat gestel het om fantastiese maatskappye teen winspryse te koop.

**GOEIE LANGTERMYNBELEGGINGS WORD NIE GEDOEN AS MARKTE
OP 'N HOOGTEPUNT IS NIE, MAAR IN TYE SOOS HIERDIE.**

DALENDE RENTEKOERSE BIED GELEENTHEDE: HOE SAL JY HOU VAN 'N EKSTRA 2,78% PER JAAR?

Internasionaal het rentekoerse tot rekordvlakke geval. Japannese beleggers het in die afgelope tyd geen rente op hul spaargeld verdien nie. Beleggers van oor die wêreld heen is in dieselfde bootjie, insluitend in Brittanje, waar rentekoerse die laagste is wat nog aangeteken is, die VSA en lande in die euro-sone.

Suid-Afrikaanse beleggers is teen hierdie skerp dalings in rentekoerse beskerm omdat die koerse hoog gebly het. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het rentekoerse reeds met 150 basispunte gesny, maar dit lyk nou seker dat koerse oor die res van die jaar verder skerp gaan daal. Sommiges raam dat die repokoers (die koers waarteen die SARB geld aan handelsbanke verkoop) met 'n verdere 300 tot 400 basispunte kan daal.

Die SARB se huiwering om rentekoerse vroeër al aggressief te sny, is deur baie mense bevraagteken. Die bank loop nou die risiko om agter te raak by die neiging om monetêre beleid in te span om die ekonomie te stimuleer. Die meeste lande in die wêreld het hul koerse gesny in reaksie op ekonomiese omstandighede wat erg verswak het.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is gewond, werkloosheid skiet die hoogte in en uitvoer daal skerp, maar dit wil voorkom of die bank nog steeds verlede jaar se stryd stry: inflasie.

Dit behoort gou te verander en koerse sal gou verder daal as Suid-Afrika die volle impak van die globale resessie begin voel. Vir mense met groot huisverbande en motorskuld is dit goeie nuus, maar nie vir spaarders en beleggers nie.

Beleggers wat risiko vermy kan verwag om hul rentekoers op geldmarkbeleggings met sowat 6% te sien daal teen die einde van die jaar, miskien selfs nog meer.

Dit is in sulke tye dat desperate en soms oningeligte beleggers riskante beleggings begin oorweeg in 'n poging om 'n ekstra persent of twee tot hul neseier te voeg.

Huidige toestande was in die verlede dikwels die teelaarde vir beleggingsbedrog. Die Masterbonds, die Supreme Bonds en andere wat die beleggerspubliek uiteindelik miljarde uit die sak gejaag het.

Om hierdie potensiële probleem die hoof te bied, het Brenthurst Wealth 'n laerisiko-beleggingsportefeulje saamgestel wat 'n toepaslike en aantreklike alternatief bied vir geldmarkfondse in 'n omgewing van dalende rentekoerse.

Dit bied ook aan beleggers die bykomende sekuriteit om hul geld te plaas by drie van die grootste en veiligste beleggingsmaatskappye in Suid-Afrika. Dit bied aan beleggers meer beskerming as om geld by slegs een maatskappy te belê.

In 'n sistemiese bankkrisis - en ons moet byvoeg dat ons dit nie voorsien nie - voeg 'n verspreiding van beleggingsrisiko 'n verdere beskermingslaag by vir beleggers.

Die portefeulje bestaan uit 'n fyn gebalanseerde mengsel van kontant, obligasies, voorkeuraandele, eiendomsfondse sowel as sommige voorkeur-ekwiteite wat aan beleggers 'n geleentheid bied om kontantopbrengste met 2 tot 3 persentasiepunte te klop.

Dit is nie algemeen bekend dat sekere bates, byvoorbeeld obligasies, in 'n omgewing van dalende rentekoerse uitstekende opbrengste kan lewer asook bykomende kapitaalwins.

Die portefeulje is getoets deur terug te kyk oor 'n tydperk van vyf jaar en toon dat beleggingsopbrengste op hierdie portefeulje geldmarkkoerse geklop het teen gemiddeld 2,78% per jaar.

Die fonds is 100% likied en is verdeel tussen drie van die voorste beleggingshuise: Investec, Allan Gray en Nedgroup. Dit is ook beskikbaar op al drie die ope argitektuur beleggingsplatforms wat deur Brenthurst Wealth gebruik word, naamlik Stanlib, Momentum en Investec.

Sowel die aanvanklike en deurlopende gelde is baie mededingend en veranderinge aan die portefeulje kan teen geen bykomende koste aangebring word.

BELEGGINGSADVISEURS:

Brian Butchart CFP

Renee Eagar CFP

Michelle Burger Bcom CFP

Johan Burger BCom HonnsCFP

- brian@brenthurstwealth.co.za.

- renee@brenthurstwealth.co.za.

- michelle@brenthurstwealth.co.za.

- johan@brenthurstwealth.co.za.

BELEGGINGSADVISEURS:

BRIAN BUTCHART

brian@brenthurstwealth.co.za

JOHAN BURGER

johan@brenthurstwealth.co.za

MICHELLE BURGER

michelle@brenthurstwealth.co.za

RENEE EAGAR

renee@brenthurstwealth.co.za

BELASTING :

GAVIN BUTCHART

gavinb@brenthurstwealth.co.za

BEMARKING:

SUE HEYSTEK

sue@brenthurstwealth.co.za

KLIËNTEDIENS :

VIRASHA MAHARAJ

virasha@brenthurstwealth.co.za

CELESTE PHAKHATI

celeste@brenthurstwealth.co.za

ALLIE SIKHOSANA

allie@brenthurstwealth.co.za

ESMERIE LOOTS

esmerie@brenthurstwealth.co.za

ANTJE MOUTON

reception@brenthurstwealth.co.za

BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT (PTY) LTD

Building 3 Prism Office Park, Cnr Fourways Boulevard & William Nicol, Fourways, Gauteng, SA

Telefoon: (011) 799- 8100

Faks: (011) 799- 8101

Webwerf: www.brenthurstwealth.co.za

KAAPSTAD KANTOOR: 0861 799 8000

Brenthurst Wealth Mangement is 'n geregistreerde finansielediens-verskaffer (FSP no. 7833). Hierdie e-posboodskap en byvoegsels is uitsluitend bedoel vir die geadresseerde(s) en daarom wettig geprivilegeer en/of vertroulik. As u per abuis hierdie e-posboodskap ontvang het, vernietig dit asb. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud rugbaar maak, kopieer, versprei of op grond van die inhoud daarvan handel nie. Enige ongemagtigde gebruik of openbaarmaking daarvan is verbode en kan onwettig wees. Die siening en mening soos vervat in hierdie boodskap is nie noodwendig verteenwoordig van die van die bestuur van Brenthurst Wealth nie